

Witrenoster – *Ceratotherium simum*

Deur D. J. Pienaar, Kruger Park,
Privaatsak X402, Skukuza, 1350.

Die grootste landsoogdier wat ooit die aarde bewandel het, was *Baluchitherium*, 'n renosteragtige dier (rhinocerotid) wat tydens die Oligoseen in Asië voorgekom het. Dit was massief in bou en het 'n skouerhoogte van meer as 5 m gehad.

Renosters het hul grootste generiese rykdom tydens die laaste helfte van die Tersiere tydperk geopenbaar en dit het reeds tydens die begin van die Pleistoseen begin afneem. Tans is daar slegs vyf lewende renosterspesies waarvan twee, die witrenoster en die swartrenoster (*Diceros bicornis*), in Afrika voorkom. In 1997 het witrenostergetalle in die natuur tot 8400 gestyg waarvan ongeveer 'n kwart tans privaat besit en bestuur word. Die meeste van hierdie diere kom in Suid-Afrika voor en illustreer die rol wat Suid-Afrika in renosterbewing speel.

Taksonomie

Twee subspesies van die witrenoster word erken. Die suidelike witrenoster *Ceratotherium simum simum*, en die noordelike witrenoster *C. s. coroni* toon slegs geringe morfologiese verskille. Die noordelike witrenoster het 'n platter dorsale skeletprofiel, effens kleiner tande en dit lyk ook asof hul effens langer bene en 'n korter liggaam het as hul suidelike broers.

Historiese verspreiding van witrenosters in Afrika

In historiese tye was die witrenoster versprei in die vorm van twee afsonderlike populasies, van mekaar geskei deur 'n gaping van meer as 2 000 km. Die suidelike subspesie het nie suid van die Oranjerivier voorgekom toe die Europeers die Kaap gekoloniseer het nie, terwyl dit in die ooste so ver suid as die huidige Umfolozi Wildreservaat voorgekom het. Die noordelike grens van die suidelike subspesie was die Zambezirivier en die streek wat die Namibië/Angola-grens vorm.

Witrenosters was veral volop in die ooste van Botswana en aanliggende dele van die destydse Wes-Transvaal. Die ontdekker Harris het in 1838 verslag gelewer van 80 renosters wat hy raakgeloop het tydens 'n dag se reis noord van die Magaliesbergreeks na die bolope van die Limpoporivier. Gunsteling habitatte lyk asof dit half-droë savanne kon wees en die spesie het oënskynlik nooit in die



gematigde grasveld van die Transvaalse Hoëveld of in die nat graslande van Natal voorgekom nie.

Die verspreiding van die suidelike witrenoster ten weste van hul historiese terrein lyk asof dit saamval met die 400 mm reënval-isohieet. Gevolglik is dit nie raadsaam om witrenosters te hervestig in gebiede waar die gemiddelde jaarlikse reënval minder as 400 mm is nie. As 'n wildboer vasbeslote is om witrenosters in droër gebiede te hervestig, moet daar gesorg word dat die habitat geskik is, monitering moet goed wees en dit mag nodig wees om diere in droogtetyp te voer.

Die noordelike subspesies is slegs wes van die Nylrivier aangetref, van noord-Uganda en suid-Soedan weswaarts tot in noord-oos Zaire en tot in die Sentraal

Afrikaanse Republiek. Hierdie populasie is tans onder groot druk en slegs ongeveer 25 enkelinge word in die Garamba NP in Zaire aangetref.

In korrelasie met die ystydperke het Afrika ook periodes van hoër en laer reënval beleef wat gelei het tot die groei en krimp van woudsones. Daar is al voorgestel dat daar tydens die hoogtepunt van die laaste ystydperk digte woude in 'n aaneenlopende blok vanaf die Kaap en Angola deur Oos-Afrika tot in Ethiopië gestrek het en dat sulke toestande moontlik bestaan het tot ongeveer 12000 jaar gelede. Sulke woud-toestande sou die meeste van die oostelike en sentraal-Afrika ongeskik gemaak het vir die witrenoster en kan dalk die gaping in verspreiding verklaar.

Dit lyk asof groot riviere 'n beperkende invloed op die historiese verspreiding van die witrenoster gehad het. Swartrenosters kan in 'n mate swem, maar die witrenoster met sy swaar laag-hangende kop kan glad nie swem nie en steek diep water baie moeilik oor. Daarom kon die grense daargestel deur riviere en die toename in menslike vestiging in Afrika die herkolonisering van die witrenoster in die oostelike en sentrale dele van Afrika verhoed het na die laaste ystydperk.

Beskrywing

'n Volwasse witrenosterbul se skouerhoogte is ongeveer 1,75 m met 'n massa van ongeveer 2000 tot 2400 kg. Volwasse koeie is ongeveer 10 cm kleiner as die bulle en weeg tussen 1500 tot 1800 kg.

Kenmerkende eienskappe wat die witrenoster van die swartrenoster onderskei, is hul lang, laaghangende koppe en breë bekke. Hulle het 'n prominente boggel agter die kop wat nie by die swartrenoster voorkom nie en gepunte ore in teenstelling met die ronde ore van 'n swartrenoster. Volwasse witrenosters is ongeveer 1000 kg swaarder as hul swart broers. Die witrenoster se vel is dik, tot 2 cm dik op die flank en soveel soos 5 cm op die voorkop om gevegsbeserings te verhoed.

Die bolip is sag en vlesig en daar is 'n benerige eelt op die onderlip wat gebruik word om gras kort af te vreet. Die bytwydte is 2 cm. Elke voet het drie tone met breë stewige naels en die voorpote is groter as die agterpote. Die spoor het 'n kenmerkende inkeping aan die agterkant terwyl die omtrek van die voorpote soveel as 95 cm by 'n groot bul kan wees.

Habitat

Die basiese habitatvereistes van die witrenoster is areas met kort gras met stande van mediumgrootte *Panicum* gras onder bome, water om te drink en in te rol, genoegsame bosdekking en relatiewe plat terrein. Die struktuur van die bos-plante-groei speel 'n belangrike rol in die habitatkeuse van die witrenoster. Die gewildste bosstruktuur bestaan uit 'n oop lae struik-(<2m) stratum, 'n hoë struikgroei van gemiddelde digtheid (2-4m) en boom-(>4m) strata. Habitatte met so 'n bosstruktuur het gewoonlik 'n gemiddelde tot digte grasbedekking met 'n hoë verhouding smaaklike grasspesies. Hierdie eienskappe word by die droë tipe woud-savannes aangetref.

Baie oop vlaktes met yl-verspreide boombedekking is nie geskikte witrenosterhabitat nie. Sulke gebiede het nie genoeg skaduwee vir die diere om in te rus nie. Areas met 'n baie digte lae struikstra-

ta (<2m) word ook nie deur witrenosters uitgesoek nie. Witrenosters het 'n breë, sensitiewe bolip waarmee hulle gras afpluk en waar die lae struikstrata te dig is, kan hulle nie die gras bykom nie. Knie-hoogte struik wat tussen die gras groei, benadeel ook hulle vreetpatroon.

Voedings- en watereistes

Witrenosters is afhanklik van gereelde toegang tot oppervlaktewater en sal gereeld water drink wanneer dit vryelik beskikbaar is. Tydens die droë seisoen sal sommige diere gedwing word om ver ente af te lê na die standhoudende watergate en sal met tussenposes van 2 tot 4 dae water drink. Witrenosters hou ook baie daarvan om in die modder te rol by watergate. Witrenosters rol in vlak watergate ten einde 'n dik laag modder op hulle te kry of hulle gaan lê tot so lank as 'n paar uur in vlak poele. Na 'n modderbad skuur die witrenoster homself teen geskikte boomstompe of rotse in die omgewing. Bosluise word saam met die modder afgeskuur en kan gewoonlik opgemerk word waar hulle op die skuurstompe agterbly.

Witrenosters is selektiewe grasvreters

en geen afvreet van takke of jong lote is waargeneem tydens 'n studie wat in die Kruger Nasionale Park gedoen is nie. Hulle vreet nie *forbe* nie en witrenosters vermy selfs gunsteling graskolle wat deur *forbe* ingeneem is. In die Kruger Nasionale Park het witrenosters ook kort, smaaklike grasspesies uitgesoek soos *Sporobolus nitens*, *Dactyloctenium aegyptium*, *Panicum coloratum*, *Urochloa mosambicensis* en *Digitaria spp.* Witrenosters verkies skadugras, veral *Panicum maximum* en het hierdie grasse aktief op die rivieroewers uitgesoek. *Themeda triandra* is slegs gevreet na 'n brand wanner dit nuut uitspruit. Witrenosters het varsgesbrande gebiede verkies en is by verskeie geleenthede waargeneem waar hulle op die afgebrande gras gewei het, slegs 'n dag na die brand. Witrenosters soek die smaaklikste gras uit wanneer hulle wei en sal nie in suur grasveld floreer nie.

In areas met diep, vars, sanderige grond is groot termiethope belangrike weidingsareas vir witrenosters aangesien smaaklike gras op hierdie grond met sy hoër klei-inhoud groei.

Vervolg op bl 33



'n Witrenoster koei en haar suigeling.



Foto: SAROUR

Vervolg vanaf bl 7

hoër klei-inhoud groei.

Sosiale gewoontes en reproduksie

Witrenosters kom nie dikwels in die natuur in groot troppe voor nie en volwasse witrenosterkoeie word gewoonlik deur 'n enkele kalf vergesel terwyl volwasse witrenosterbulle meestal alleenlopend is. Onvolwasse diere loop gewoonlik in pare of groter groepe. Die gemiddelde groep witrenosters in die Krugerpark bestaan uit 2.1 tot 2.3 diere.

Jong vroulike diere het hulle eerste oestrus op ongeveer 5 jaar, maar bly in sub-volwasse groepe tot die geboorte van hul eerste kalf op 6.5 tot 7 jaar. Daarna word hulle meestal deur hul kalwers vergesel en word hulle as volwasse koeie beskou. Jong manlike diere word as volwasse beskou wanneer hulle enkellopend begin word tussen 10 en 12 jaar en territoriale manlike of ondergeskikte manlike gedragpatrone begin openbaar.

Territoriale witrenosterbulle bewoon terreine waarvan die grense nie oorvleuel nie en verlaat hierdie terrein slegs om na 'n van die waterbronne af te beweeg. Territoriale bulle gebruik spreï-urinerings en nishope om hul territoriale grense af te teken. Die grootte van hierdie manlike terreine kan van so klein as 1 km² tot so groot as 13 km² wees, afhangend van die renosterdigtheid en die kwaliteit van die habitat. Die grense van manlike territoriale gebiede het nie oorvleuel nie, hoewel

kort strooptogte in aangrensende gebiede soms opgemerk is. Die jaarlikse beweging van vroulike diere het baie oorvleueling ingesluit en was ook veel groter as dié van manlike diere.

Wanner witrenosterkoeie deur volwasse bulle vergesel word, is dit 'n teken van oestrus. Dit lyk asof die uitspruitsel van groen gras na reën die oestrus in koeie aan die gang sit. Koeie kalf dwarsdeur die jaar, maar dit lyk asof daar 'n piek is in Maart/April. Dominante witrenosterbulle stel ondersoek in na koeie wat binne hul territoriale gebiede raakgeloop word en indien 'n bul vir langer as 'n dag by 'n koeie bly, is dit 'n teken dat die koeie bronsig raak. Hierdie periode voor oestrus is gewoonlik 1 tot 2 weke lank. Die draagtyd by witrenosters is ongeveer 16 maande en die tussenkalfperiode is 2.5 jaar. Jonger koeie het korter kalf-intervalle as ouer koeie.

In die natuur is die witrenoster se seksverhouding 1 manlike : 1 vroulike diere. Die tipiese struktuur van die witrenosterpopulasie in die natuur sal as volg daar uitsien: ongeveer 19% volwasse manlike diere, 26% volwasse vroulike diere, 32% jong volwassenes en 23% kalwers. 'n Mens kan verwag dat ongeveer 40% van alle volwasse koeie in een jaar sal kalf. Die gemiddelde bevolkingsgroei van witrenosters in die groter reservate is 8-9% per jaar.

Daar is bewyse van witrenosters wat in dieretuine aangehou word dat 'n koeie nie bronsig raak indien sy deur slegs een bul vergesel word nie. Hoewel dit nie altyd die geval by vrylopende populasies is nie, moet 'n wildboer dit altyd in gedagte hou indien sy renosterbevolking nie suksesvol aantel nie. Dit is altyd 'n goeie praktyk om ten minste twee volwasse bulle in 'n bevolking te hê net ingeval een per ongeluk beseer word.

'n Wildboer moet ook in staat wees om territoriale volwasse bulle van ondergeskikte volwasse bulle te onderskei. Territoriale bulle merk hul territoriale gebiede deur spreï-urinerings en die rondgooi van mis. Wanneer 'n ondergeskikte manlike diere deur 'n territoriale manlike diere gekonfronteer word, lewer hy 'n dreigvertoning. Hy lig sy kop, brul en maak kort aanvalle op die territoriale bul. Ou ondergeskikte renosterbulle kan gebruik word vir trofee-jagdoeleindes sonder dat die bevolking skade aangedoen word.

Horings

Renosterhoring bestaan uit 'n massa buisagtige keratienvesels. Dit groei uit die vel en is nie aan die onderliggende neusbeen vas nie. By die witrenoster is die voorste horing in alle gevalle langer as die agterste

horing. Die rekordlengte van 'n voorste horing van 'n witrenoster is 158 cm en die voorste horing van 'n groot bul kan tot 12 kg weeg. Die voorste horing van 'n witrenoster het 'n plat rand voor in vergelyking met dié van 'n swartrenoster wat 'n ronde basis het. Die voorste horing van 'n manlike witrenoster het 'n groter basis-omtrek as dié van 'n vroulike diere en die koeie se horings het 'n slanker voorkoms.

Vinnige intrinsieke groei verder na voor kom by onvolwasse diere voor (10 tot 15cm/jaar), waarna dit stadiger groei tot ongeveer 6 cm per jaar vir volwasse diere en tot so min as 3 cm per jaar verminder in baie ou diere. Witrenosterbulle skuur hul horings meer as vroulike diere en dit kan daartoe lei dat die voorste horing van ou bulle korter raak aangesien die horing vinnger afgeskuur word as wat dit groei.

Vrektes

Gevegte is die grootste rede vir vrektes by witrenosters en tekens hiervan word gewoonlik by manlike diere gesien aan die einde van die droë seisoen. Tipiese gevegswonde wat by manlike witrenosters opgemerk is anders as die gewone snye aan die kop, sluit in gebreke kakebene, wonde tussen die agterbene, geperforeerde pense, gebreke voorbene en verplaaste agterbene. Hierdie wonde is gewoonlik dodelik. Enkele gevalle waar leus jong witrenosters aangeval en doodgemaak het, is in die Krugerpark gerapporteer. Gevegte met olifante en seekoeie het al renoster-vrektes tot gevolg gehad, asook vrektes weens ongelukke soos verdrinking, afval van kranse af, vassit in die modder en doodbrand in weghol-veldbrande.

Hoewel renosters gewoonlik nogal siektebestand is, is vrektes as gevolg van siektes soos miltsiete, longontsteking, salmonella-infeksies en toring al gerapporteer, hoewel dit meestal voorgekom het wanneer die diere in gevangenskap aangehou is.

WITRENOSTER (C. s. simum) feiteblad

Skouerhoogte:

Manlik:	165 tot 175 cm
Vroulik:	155 tot 165 cm

Massa:

Volwasse bul:	1900 tot 2400 kg
Volwasse koeie:	1500 tot 1800 kg

Ouderdom by seksuele volwassenheid:

Manlik:	8 tot 10 jaar
Vroulik:	4.5 tot 6 jaar

Ouderdom by eerste kalwing:

6 tot 7 jaar

Draagtyd:

16 maande

Kalfinterval:

2 tot 3 jaar

Kalf geboortegewig:

45 tot 60 kg

Speenouderdom:

12 tot 18 maande

Leeftyd:

35 tot 40 jaar